1. **Halbo KUIPERS**, g. 6 Nov 1831 in Menaldumadeel, Friesland, Nederland,[1] s. 3 Jan 1875 in Nylstroom, Waterberg, Tvl.[2] Halbo Kuipers, landrosklerk, publieke aanklaer, posmeester en vrederegter van Nelspruit.

Halbo, ons Kuipers stamvader, was 'n Hollander van geboorte. Volgens Halbo se sterfkennis (MHG 0/275) was Halbo op 7 November 1831 gebore in Friesland, 'n provinsie van Nederland.

'n Ondersoek op die internet blad van die Nederlandse Ryksargief (http://www.ryksargyf.org/) het die volgende besonderhede opgelewer:

Geboorten regio 8: midden Friesland
Geboorteakte Menaldumadeel
Aangiftedatum 8 november 1832, blad nr. 90
Halbo Kuipers, geboren 6 november 1832
zoon van Conradus Albertus Kuipers en Trijntje Binksma

Halbo het waarskynlik voor 1868 na die Zuid Afrikaanse Republiek gekom. Sy eerste kind (Wynand) is in Januarie 1869 in Pretoria gedoop. Die doopinskrywing van sy seun Coenradus Albertus Theodorus in die Gereformeerde Kerk van Waterberg dui langs Halbo se naam aan "van Boxun".

Dit is nie bekend hoe Halbo na Suid-Afrika gekom het nie. In 'n byvoegsel tot die Familia, die kwartaalblad van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (1985, nommer 3), in 'n artikel "Nederlandse landsverhuising na die Kaapkolonie 1849 - 1862" deur J Ploeger word daar 'n inskrywing gevind wat na ene T Kuipers verwys. Ploeger skryf dat daar 'n mnr T Kuiper aan boord van die skip "De Beurs van Rotterdam" na Suid-Afrika gekom het. Die skip het onder kaptein de Vos op 27 Julie 1859 van Rotterdam vertrek met 'n aantal Nederlandse landsverhuisers en 'n aantal perde wat deur 'n Kaapse handelaar ingevoer is. Ploeger beweer dat hierdie Kuipers egter vermoedelik ene Johannes Kuypers was en dus nie Halbo was nie.

Halbo was 'n omstrede persoonlikheid in sy tyd. Hy was waarskynlik al reeds gekwalifiseer as prokureur voordat hy in Suid-afrika aangekom het. Halbo het waarskynlik in die ZAR begin werk as landrosklerk op Pretoria. Ons vind die eerste verwysing na Halbo in die argiewe, gedateer 21 Augustus 1869. Op 10 Desember 1869 word daar 'n voorstel by die regeringskantore te Pretoria ingedien om Halbo aan te stel as verteenwoordiger van die weesheer te Waterberg. 'n Aansoek wat een dag later, 11 Desember 1869 gedateer is, vra vir die eervolle ontslag van Halbo as Landrosklerk. In 'n brief gedateer 14 Desember 1869 vra Halbo, as landrosklerk van Pretoria, uitstel tot Maart 1870 vir 'n saak teen ene Verdoorn. Ons vind daarna ook in die argief 'n brief, geteken deur die Staatspresident Pretorius, gedateer 5 Januarie 1870, om die aanstelling van Halbo Kuipers as publieke aanklaer vir die Nylstroom distrik te bevestig. Ontvangs van sy aansoek om eervolle ontslag word weer op 14 Januarie 1870 bevestig. Op 9 Februarie word dieselfde aansoek weereens geliaseer by die staatskantoor. Op 2 Augustus 1870 vra hy weereens om sy onslag as landrosklerk van Pretoria en die bevestiging van sy aanstelling as publieke aanklaer in Nylstroom. Halbo voer aan in sy aansoek om ontslag dat dit vir hom onmoontlik is om in die behoeftes van sy familie te voorsien uit die salaris van 125 pond. Hy meld dat hy 'n alternatiewe aanbod ontvang het vir meer geld. Halbo skryf ook in sy brief dat hy reeds gedreig was met skorsing.

In 1871 kry ons die verdere bewyse dat als nie so pluis was in die Waterberg distrik nie. Op 18 Januarie handig landros P.A. van Nispen 'n klag teen Halbo Kuipers in van naamskending. Van Nispen was hoogs onstoke aangesien Halbo stories agter sy rug rondvertel dat hy vir landros Van Nispen nog sy posisie sal ontneem, aangesien Van Nispen volgens Halbo te dom is om 'n landros te wees, hy buit die mense uit en boonop is hy 'n dronkaard.

Sake het blykbaar verbeter tussen Halbo en Van Nispen. Op 9 Oktober 1872 teken Van Nispen die aanstelling van Halbo Kuipers: "In de aanstelling van den Heer Halbo Kuipers, dien ik 9en September 1872 voorlopig het in sweren als Landrostklerk, publieke vervolger, postmeester en vrederegter is dese laatste aanstelling mischien wel door myne eigene vesgisting, niet opgenvend. Ik heb derhalwe Eer UWEd. te versoeken ook die aanstelling voorlopig te sanctioneren en daarvan te doen blyken door publicatie in de Staatscourant."

Volgens die salaris rekeninge van Waterberg het Halbo vanaf 1 Augustus 1869 in diens getree as Landdrosklerk, vrederegter, posmeester en publieke aanklaer. Hy het dieselfde salaris behou (125 pond per jaar) tot in Januarie 1873. Die onvolledige rekords van die tyd gee geen aanduiding van sy verdienste daarna tot met sy dood nie. Dis egter interesant dat ene Marthinus Eyschell sedert 1 Augustus 1870 teen dieselfde salaris en dieselfde posbeskrywing as Halbo in diens was. Uit hierdie salarisrekeninge blyk dit ook dat Reginald Alphonso van Nispen vir die tydperk 3 Januarie 1866 (bekragtig April 1870) tot 30 November 1871 as Landdros die salaris van 225 pond, later verhoog na 250 pond, per jaar ontvang het.

Later is daar ook 'n kriminele klag van aanranding teen Halbo ingedien deur landros H. Mare. Ingevolge hierdie klag sou Halbo ene Heer I. Herschenshan aangerand het nadat hierdie heer iets by Halbo gesteel het. Halbo het ook 'n klag van diefstal teen Herschenshan ingedien.

Ons vind daarna ook in die argief verskeie korrespondensie deur Halbo Kuipers wat handel oor verskeie sake wat hy in Nylstroom moes hanteer.

Op 3 Januarie 1875 sterf Halbo Kuipers op die ouderdom van 44 jaar, 1 maand en 27 dae. Na sy dood word sy ou kantoor omskep in 'n skool klaskamer.

Volgens Halbo se kleinseun C.H.H Kuipers, was hy die oorspronklike eienaar van die plaas Kuipersbult 511 LQ

Halbo het waarskynlik in Suid-Afrika getrou. Die doopinskrywing van hul eerste seun, Wynand Frederik in die Pretoria Gereformeerde Kerk in 1868 aangebring.

Halbo het sover bekend 5 kinders gehad. Niks is oor sy eerste seun, Wynand Frederik, bekend nie. Dit is ook nie bekend wanneer sy oudste dogter gebore is nie. Sy tweede seun, Conradus Albertus Theodorus, of CAT Kuipers soos hy blykbaar bekend was, is in 1870 gebore. Hy was met Maria Jacoba Magdalena Buitendach getroud en het sover bekend 6 kinders gehad. Daar is enkele dokumente oor CAT in die argiewe geliaseer. In 1887 doen hy aansoek vir die allokasie van die plaas Driekoppies in Soutpansberg en in 1897 doen CAT weer aansoek vir die plaas Empomi in Houtbosdorp.

Magrieta Jacoba Kuipers was op 28 Aug 1872 gebore. Haar pa is oorlede toe sy nog maar 2 jaar oud was. Sy het met Jacobus Johannes Potgieter (die bittereinder veldkornet van die Soutpansberg kommando) getrou en het 14 kinders gehad.

In die boek, Nylstroom, 1866 - 1966, uitgegee deur die Nylstroomse Stadsraad ter viering van die honderdjarige bestaan van die dorp, word daar genoem dat Halbo volgens Gustav Preller, vertellings van Tant Hannie (Johanna D Smith, gebore de Beer) selfmoord gepleeg het (bladsy 37).

Met die stigting van die dorp Nylstroom in 1865 is JJP Prinsloo van die plaas Valkop as die eerste Landdros aangetel en GJ Verdoorn as vrederegter. Verdoorn is later dieselfde jaar as posmeester aangewys. Op 5 April 1870 word RA van Nispen aangestel as die 2de Landdros van die distrik. Op 27 Aug 1872 word Van Nispen as goudkommisaris aangestel en Halbo word as die 3rde landdros aangestel. Van Nispen het blykbaar later aan die koors beswyk.

Nadat Halbo in 1875 selfmoord gepleeg het, word FB Bönchers (April 1875) aangestel. Die landdroste wat na die tyd diens gedoen het was C Moll (Jan 1877), C Botha (1881) en HJ Kroep (1885). Moll was so ongewild by die boere, dat hulle die laddroskantoor se deure gesluit het en al die boeke na die huis van Louis de Beer verwyder het.

Nylstroom was in Halbo se tyd maar 'n klein dorpie. In 1880 was daar slegs 5 gesinne op die dorp woonagtig. Aanvanklik het Waterberg deel gevorm van die Zoutpandberg en Pretoria distrikte. Namate meer boere daar gevestig het, het die nodigheid onstaan om dorpies te proklameer. Reeds in 1852 het Andries Hendrik Potgieter die eerste dorp in hierdie gebied gestig, wat in 1858 na Pietpotgietersrus hernoem is (in 1890 verander na Potgietersrus). Die hoë mate van koors en probleme met die inheemse bevolking het egter daartoe gelei dat hierdie dorp tussen 1870 en 1890 heeltemal onbewoon gelaat was. Die tweede dorp wat in hierdie gebied gestig is, was in 1866 op die plaas Rietvlei gestig en Nylstroom gedoop. Die dorp was so genoem aangesien die Voortrekkers die Mogalakwena-rivier as die oorsrpong van die Nyl-rivier beskou het. Die derde dorp (Hartingburg) in hierdie gebied is eers in 1882 gestig.

In 1866, met die stigting van Nylstroom is die Waterberg distrik geproklameer. In 1868 is die Waterberg distrik egter weer met die Zoutpansberg distrik saamgesmelt, met Potgietersrus as hoofstad. Na ergelikke protes deur die burgers is hierdie besuit in November van dieselfde jaar weer tersyde gestel. Met hierdie besluit is Potgietersrus by Zoutpansberg ingesluit en Nelspruit as hoofstad van Waterberg aangewys, met R.A. van Nispen as Landdros. Nog verdere ontevredenheid het daartoe gelei dat die grense in 1871 weereens verskuif is om Potgietersrus weer by Waterberg in te lyf. Die ontdekking van goud in die gebied het opnuut oplewing in die gebied gebring en in 1875 is 'n Mynkommisaris vir die gebied aangestel.

Halbo Kuipers se vrou, Magrietha Jacoba, was swanger toe Halbo oorlede is. Die seun is op 4 Mei 1875 gebore en is na sy vader vernoem. Halbo Kuipers II het blykbaar self ook in die regte 'n loopbaan gesoek en was later die sekretaris vir Staats-sekretaris Reitz. Hy het met Anna Wilhelmina Pretorius getrou en het sover bekend 7 kinders gehad. Die naam van Halbo Kuipers het aangehou voortleef, met een kind en 3 klein-kinders na hom vernoem. Magrieta Jacoba, wat met Potgieter getrou het, het haar tweede seun ook na Halbo vernoem. Daar is blykbaar ook 'n plek naby Nelspruit wat Kuiperskraal genoem is, maar geen bevestiging hiervan is gedoen nie.

Friesland

Friesland is 'n kustelike privinsie van Noord-Nederland, vanaf die IJsselmeer tot aan die Noorde-see en sluit vier van die Wes-Friese eilande in wat aan die noordkus geleë is. Die provinsie is gedreineer deur middel van 'n omvattende stelsel van kanale en mere, veral in die noordelike- en westelike gebiede. Die grootste mere sluit in die Tjeukemeer, Slotermeer, Fluessen en Sneekermeer. Die gebied beslaan 3,353 vierkante kilometer en is op min plekke hoër as 15 meter bo seevlak. Die bevolkingsdigtheid is minder as die helfde van die res van die land. Die oorwegend protestante Frieslanders het hul eie taal en litiratuur behou.

In die sanderige suidoostelike gebiede is daar heelwat woude, wingerde en beesboerderye. Die res van die gebied is plat klyagtige moerasgebied, waar die laaste ernstigge oorstromings in 1825 plaasgevind het. Hierdie gebied ondersteun artappel-, koring- en suikerbeetboerderye asook weivelde vir die Friesbeeste, waarvoor die gebied reeds beroemdheid verwerf het. Boerdery vorm die basis van die provinsie se ekonomie terwyl toerisme (hoofsaaklik watersport) 'n belangrike rol speel.

Leeuwarden is die hoofstad van die provinsie en ook die enigste groot dorp. Harlingen huisves die enigste hawe van die provinsie. Ander sentrums in die gebied is Sneek, Heerenveen, Drachten, Bolsward, Franeker, en Dokkum. Die eiland van Terschelling huisves 'n groot robbe reservaat.

Sedert 1815 is die die oorspronklike Friesland verdeel in die Nederlandese provinsie van Friesland, die Ostfriesland en die Nordfriesland gebiede van noordwes Duitsland. Friesland is die traditionele tuiste van die Friese, 'n germaanse volk, wat hul eie taal wat naastenby aan Engels verwant is praat. (1999-2000 Britannica.com Inc.)

Boksum is in die burgelijk gemeente van Menaldumadeel.

Bronne: TAB: MHG 0/275, SS R1358/69, 1360/69, R1379/69, R34/70, R80/70, R116/70, R955/70, R134/71, R1384/72.
TAB Indeks tot die Waterbergse argiefstukke (1931), asook band 31.
Suid-Afrikaanse Pleknaam-leksikon (Kennis-uitgewers, 1975)
ENCYCLOP□DIA BRITANNICA.

Hy trou **Margarita Jacoba BEZUIDENHOUT**. **Margarita**:.

1.1. **Wynand Frederik KUIPERS**, g. 19 Jan 1868,[3] gedoop 20 Des 1868 in Pretoria Geref. Kerk,[4] s. 19 Jan 1870 in Nylstroom, Waterberg,[5] begrawe in Burger Begraafplaas, Nylstroom,[5] (sien nota 1).

1.2. **Catharina Adolfina Gertruida Aldagonda KUIPERS**, g. 12 Mei 1869,[6,5] s. 1956 in Duiwelskloof hospitaal,[6] begrawe in Pietersburg.[6]

Sy trou[7] **Johannes Hendrik DE BEER**, g. 9 Jan 1860 in Pretoria,[6] (seun van Cornelis Johannes DE BEER en Anna Helena ALBERTS) gedoop 1860 in Pretoria.[6]

1.3. **Conradus Albertus Theodorus KUIPERS**, g. 16 Feb 1870 in Nylstroom, Waterberg, Tvl,[8] gedoop 24 Apr 1870 in Waterberg Gereformeerde Kerk,[8] s. 5 Okt 1947 in Louis Trichardt,[2] begrawe in Louis Trichardt.[5] MHG 1953/48, 77j 8m. Doopgetuies: Carel Nicolaas Smit, Lusya Susanna van der Walt, Philippus Arnordus Elof, Hester Catharina de Beer.

Hy trou **Maria Jacoba Magdalena BUITENDACH**, trou in Pietersburg, g. Jan 1875 in Potchefstroom,[2] s. 17 Mrt 1945 in Louis Trichardt.[2] **Maria**: MHG 1876/45, 70j 2m.

1.3.1. **Halbo KUIPERS**, g. 16 Mei 1896 in Haenertsburg,[2] s. 22 Jun 1974 in Pietersburg,[2] beroep boer. MHG 7290/74, woon op plot 19 Palmietfontein, Ladanna.

Hy trou **Elsie Elizabeth Sophia FAASEN**, trou in Louis Trichardt, g. 14 Apr 1903. **Elsie**: id 960516 5004000.

1.3.1.1. **Conradus Albertus Theodorus KUIPERS**.

1.3.1.2. **Johanna Elizabeth KUIPERS**.

Sy trou **nn MARITZ**.

1.3.1.3. **Coenraad Hendrik KUIPERS**.

1.3.1.4. **Maria Magdalena KUIPERS**.

Sy trou **nn VAN ZYL**.

1.3.1.5. **Elsie Elizabeth Sophia KUIPERS**.

Sy trou **nn BOTHA**.

1.3.1.6. **Magrietha Magdalena KUIPERS**.

Sy trou **nn OLIVIER**.

1.3.1.7. **Halbo KUIPERS**.

1.3.2. **Magrieta Jacoba KUIPERS**.

Sy trou[9] **Johannes Jacobus VAN DER MERWE**.

1.3.3. **Maria Magdalena Jacoba KUIPERS**.

Sy trou[9] **Johannes Jurgens BEUKES**.

1.3.4. **Catharina Adolphina Gertruida Aldagonda KUIPERS**.

Sy trou[9] **Pieter Gert Wessel DU PLESSIS**.

1.3.5. **Conradus Albertus Theodorus KUIPERS**.

1.3.6. **Gert Johannes KUIPERS**.

1.4. **Margarita Jacoba KUIPERS**, g. 28 Apr 1872 in Nylstroom, Waterberg, Tvl,[8] gedoop 29 Sep 1872 in Waterberg Gereformeerde Kerk,[8] s. 20 Sep 1954 in Soekmekaar, Transvaal,[10] begrawe in Soekmekaar, Soutpansberg, Tvl. Haar geboortedatum word in die familiebybel as 18 Aug 1873 aangedui. Doopgetuies: Johannes Christoffel de Beer, Jacoba Wilhelmina Gertina Swanepoel.

Sy trou **Jacobus Johannes POTGIETER**, trou 14 Apr 1890 in Pietersburg,[10] g. 28 Aug 1870 in Kareebos, Pietersburg,[11] (seun van Jacobus Johannes POTGIETER en Susanna Margaretha HERBST) gedoop 25 Des 1871 in Rhenosterpoort, Soutpansberg NGK,[12] s. 8 Jul 1936 in Pietersburg,[2] begrawe in Pietersburg, beroep boer, verw. nr. TAB MHG 93905/1936, verw. nr. b7c8d8e7f12.[13] **Jacobus**: Nadat Jacobus Johannes Potgieter se ouers van Schoemansdal verdryf is in 1867 het hulle op die plaas Kareebos gaan vestig. Daar is Jacobus (Kotie) op 28 Augustus 1870 gebore. Sy ouers het na Houtbosberg getrek toe Jacobus ongeveer een jaar oud was. Sy vader het daar geelhoutplanke gesaag tot sy dood in 1873.

Na die dood van sy vader het sy moeder na die plaas Rustfontein getrek in die Pretoria distrik, waar hulle by sy oom Christiaan Herbst gebly het. Later het hulle na die plaas Vlakfontein getrek om by Jacobus se swaer, Dirk Booysen, te woon. In 1881 het Jacobus sy moeder verlaat om by sy een suster in Soutpansberg vir 3 jaar te bly.

Jacobus het in 1884 in Houtbosberg gevestig, waar hy sy moeder en twee susters in sy sorg geneem het. Jacobus het daar geelhoutplanke gesaag tot 1889, toe hy by die kommando aangesluit het om vir 4 maande in die Magatoe oorlog te veg. Na die oorlog het hy met sy moeder na die Laeveld getrek. Daar het hy vir Magrietha Jacoba Kuipers, dogter van Halbo Kuipers ontmoet. Magrietha het ook haar vader verloor op die baie jong ouderdom van 3 jaar. Aangesien die Laeveld yl bewoon was en 'n eensame plek was, het Jacobus die geselskap van Magrietha baie waardeer en in 1890 is hulle getroud.

Die situasie in die Laeveld het baie warm geraak toe die Majakie stam teen die regering gerebeleer het en Jacobus was gou gedwing om sy huis te ontruim en terug na Soutpansberg te vlug. In 1894 het Jacobus weer by die kommando aangesluit om in die oorlog teen Magoeba te veg, waar hy in die slag van Agatha deelgeneem het. In 1895 het hy vir die regering gewerk om forte te bou in die Laeveld en Soutpansberg. In Mei 1895 het hy weer in die Magoeba oorlog geveg.

In Desember 1896 was Jacobus gekommandeer om te help om vrede te bewaar in Johannesburg na die mislukte inval deur Jameson en in 1897 veg hy weer in die Magatoe oorlog.

Toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek het Jacobus in die Soutpansberg kommando geveg en in die eerste fase van die oorlog deelgeneem aan die gevegte by die Krokodilpoele, die slag van Modderrivier en die slag van Magersfontein. Jacobus het die Britte ontvlug by die slag van Paardeberg en hom by die kommando in Natal aangesluit, waar hy in die slag van Biggarsberg en die slag van Laingsnek deelgeneem het, voordat hy na die Transvaal terug gekeer het. Vir 'n tyd het hy in Waterberg geveg om die Britse magte terug te hou, totdat hy as veldkornet van Houtbosberg verkies is en na Houtbosberg terug gestuur is om die Noorde te verdedig. Op 4 Mei 1901 word Jacobus gevange geneem en saam met sy gesin in die Pietersburg konsentrasiekamp geplaas. In die konsentrasiekamp het Jacobus grafte gegrawe vir omtrent 700 mense, voordat hy saam met sy broer Krisjan en 5 ander burgers op 18 January 1902 ontsnap en by die kommando van Generaal Beyers by Wolkberg aansluit. Hy het in verskeie gevegte gedurende die laaste maande van die oorlog deel geneem, tot 10 Mei 1902, toe hy deur die Britte gevange geneem is en in die Umbilo krygsgevangenekamp naby Durban geplaas is. Na die vredesooreenkoms het Jacobus na sy geplunderde plaas terug gekeer met sy gesin, waar hulle weer van voor af moes begin.

Na die oorlog het Jacobus het in die Soutpansberg distrik geboer op die plaas Sterkspruit, Haenertsburg tot met sy dood. Sy laaste adres word aangegee as Holandsdrift, Marabastad.

Op 5.12.1903 word Jacobus en Magrietha in die lidmaatregister van die NG Kerk van Soutpansberg ingeskryf as lidmate. Hulle het toe van die Hervormde Kerk oor gekom.

Bronne:
Autobiografie, Familie bybel, Boedel MHG 93905/1936, Burger fonds eise TAB/CJC 828.

1.5. **Halbo KUIPERS**, g. 4 Mei 1875,[8] gedoop 11 Jul 1875 in Waterberg Gereformeerde Kerk,[8] s. 4 Aug 1957 in Pretoria hospitaal,[2] beroep Sekretaris & Boekhouer.[14] MHG 2509/57, 82j 3m, woon op 108A van Riebeek str Pretoria Noord, Sekretaris van Staats-sekretaris Reitz.

Hy trou **Anna Wilhelmina PRETORIUS**, trou in Louis Trichardt,[15,16] g. 26 Aug 1892,[15] (dogter van Wynand Albertus PRETORIUS en Johanna Maria SMITH) gedoop 2 Okt 1892 in Pretoria Herv Kerk,[15] verw. nr. b3c1d6e10f5g10h3,[15] s. 1986 in Pretoria.[5]

1.5.1. **Halbo KUYPERS**, g. 4 Feb 1913 in Rhenosterpoort, Zoutpansberg,[5,14] (sien nota 2) s. 1993 in Pretoria,[5] begrawe

in Pretoria,[5] beroep Skrynwerker.[14]

Hy trou **Anna Maria Jacomina BOSHOFF**, trou[5] (dogter van Phillipus Rudolph BOSHOFF en Hernmina Johanna BOSHOFF) s. 1994 in Pretoria.[5]

1.5.1.1. **Halbo KUIPERS**, s. 1996 in Pretoria.[5]

1.5.1.2. **Hermina Johanna KUIPERS**.

Sy trou **Coenraad LIEBENBERG**, trou[5.]

1.5.1.3. **Phillipus Rudolf KUYPERS**, g. 1945 in Pretoria,[5] s. 1974 in Nylstroom.[5]

1.5.1.4. **Wynand Albertus KUIPERS**, g. 4 Jan 1947 in Pretoria.[5]

Hy trou **Maria LABUSCHAGNE**.

1.5.1.4.1. **Anton Wynand KUIPERS**.

1.5.2. **Wynand Albertus KUIPERS**, g. 13 Sep 1916 in Rustenburg,[5,14] s. 20 Nov 1996 in Springs,[5] begrawe 25 Nov 1996 in Sundra,[5] beroep Bouer.[14]

Hy trou (1) **Johanna Magrieta BOSHOFF**, trou 1936 in Pretoria,[5,14] g. 2 Okt 1920 in Waterberg,[5] (dogter van Phillipus Rudolph BOSHOFF en Hernmina Johanna BOSHOFF) s. Mei 1999 tot Nylstroom.[5]

Hy trou (2) **Katriena Maria LOUW**.

1.5.2.1. **Halbo KUIPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 5 Mei 1939 in Nylstroom,[5] s. 23 Sep 1939 in Nylstroom,[5] begrawe in Nylstroom Ou begraafplaas.[5]

1.5.2.2. **Phillipus Rudolf Boshoff KUIPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 12 Nov 1942 in Germiston,[5] (sien nota 3) beroep Sakeman en Sport Administrateur en Konsul van Porto Rica.[14]

Hy trou **Elsabe RABE**, trou 5 Mrt 1966 in Lichtenburg.[5]

1.5.2.2.1. **Lizelle KUIPERS**.

1.5.2.3. **Hermina Johanna KUYPERS**, (dogter van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 1946 in Pretoria.[5]

Sy trou (1) **Martinus Lodewikus KRUGER**.

Sy trou (2) **Andre BOOYENS**.

Sy trou (3) **Theuns MINNAAR**.

1.5.2.4. **Wynand Albertus KUYPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 13 Aug 1948 in Pretoria,[5] beroep Administratiewe beampte.[14]

Hy trou **Wilna A MATHEE**, beroep Verpleegster.[14]

1.5.2.4.1. **Annelize KUYPERS**, beroep Nael Tegnikuste.[14]

1.5.2.4.2. **Gelden KUYPERS**, beroep Verkoopman.[14]

1.5.2.4.3. **Juanita Wilna KUYPERS**, beroep Winkel Bestuurderes.[14]

1.5.2.5. **Chritiaan Hendrik Hermanus KUYPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 2 Aug 1950 in Warmbad,[5] beroep Skrynwerker.[14]

Hy trou **Cornelia Petrunella NEL**, g. in Slangfontein, Warmbad.[5]

1.5.2.5.1. **Tihan KUYPERS**.

1.5.2.5.2. **Magda KUYPERS**, s. 2001 in Wolmaranstad.[5]

1.5.2.5.3. **Gerda KUYPERS**.

1.5.2.5.4. **Anida KUYPERS**.

1.5.2.6. **Jacobus Stefanus KUYPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 8 Jan 1955 in Pretoria,[5] beroep Projek Bestuurder.[14]

Hy trou **Johanna Getruida LOUW**, trou 5 Mrt 1976 in Potgietersrus,[5] g. 4 Jul 1959 in Port Nolloth,[5] (dogter van Joseph LOUW en Katrina Maria GROBLER).

1.5.2.6.1. **Joseph-Paul KUYPERS**, g. 13 Mei 1977 in Evander,[5] beroep Rekenaar Tegnikus.[14]

Hy trou **Antoinette Juanita KRUGER**, trou 19 Sep 1998 in Tzaneen,[5] g. 26 Apr 1979 in Windhoek, Namibia.[5]

1.5.2.6.2. **Rupert KUYPERS**, g. 28 Mei 1982 in Springs.[5]

1.5.2.6.3. **Angeleque KUYPERS**, g. 28 Jul 1983 in Springs.[5]

1.5.2.7. **Anna Maria Jacomina KUYPERS**, (dogter van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 25 Des 1956 in Pretoria.[5]

Sy trou **Daniel Robbert VERMAAK**.

1.5.2.8. **Zacharius Arnoldus Stefanus KUYPERS**, (seun van Wynand Albertus KUIPERS en Johanna Magrieta BOSHOFF) g. 19 Feb 1958 in Pretoria,[5] emigreer 1994 in Kanada,[5] beroep Rekenaar Programeerder.[14]

Hy trou **Margaretha STREUTKER**, trou 7 Des 1985 in Pretoria,[5] g. 26 Sep 1960 in Nederland,[5] beroep Genetikus.[14]

1.5.2.8.1. **Phillipus Albertus KUYPERS**, g. 31 Jan 1989 in Roodepoort.[5]

1.5.2.8.2. **Arend Jacobus KUYPERS**, g. 14 Aug 1990 in Roodepoort.[5]

1.5.3. **Magrietha Jacoba Susanna KUIPERS**, g. 19 Jul 1918 in Bokfontein, Rustenburg,[17,14] s. 1 Jan 2002 in Pretoria.[14]

Sy trou **Jacobus Abel Philippus Rudolf TRUTER**, g. 10 Sep 1913 in Nylstroom,[17] (seun van Jacobus Abel Pilippis Rudolf TRUTER en Mary Elizabeth KNELL) s. 8 Apr 1933,[17] beroep Motorwerktuigkundige.[14] **Jacobus**: Oom Koos. Motorwerktuigkundige en later baas sweiser.

1.5.4. **Paul Jacobus KUIPERS**, g. 20 Apr 1921 in Bokfontein, Brits.[14]

1.5.5. **Christiaan Hendrik Hermanus KUIPERS**, g. 5 Mrt 1923 in Bokfontein, Brits.[14]

Hy trou **Anna Kathariena Venter**, trou[14] g. 22 Mei 1924.[14]

1.5.6. **Catharina Adolfina Geertruida KUIPERS**, g. 21 Mrt 1926,[17] beroep klerk.

Sy trou **Robert Richard TRUTER**, g. 26 Sep 1921 in Nylstroom, Waterberg,[17] (seun van Jacobus Abel Pilippis Rudolf TRUTER en Mary Elizabeth KNELL) s. 3 Aug 1968 in Schoemanskloof, Nelspruit,[17] beroep Motor Werktuigkundige.[14] **Robert**: Motorwerktuigkundige. Woon in Mountainview, Pretoria. Hy sterf in 'n motor ongeluk.

1.5.7. **Johanna Maria Susanna KUIPERS**, g. 30 Apr 1933 in Rietpoort, Thabazimbi.[14]

Sy trou (1) **W ASPDER**.

Sy trou (2) **Annanias Willem REINECKE**, trou[5] s. 1964 in Carltonville.[14] **Annanias**: Annanias sterf in Myn ongeluk op Blyvooruitzig.

1.5.8. **Jacoba Wilhelmina KUIPERS**, g. 30 Apr 1937.[14]

Sy trou (1) **Faan DU PLESSIS**.

Sy trou (2) **Johan VAN LOGGERENBERG**.

[1] Nederlandse Ryksargief, *Nederlandse Ryksargief (http://www.ryksargyf.org/).*
[2] Sterf kennis.
[3] MOC 8404, *Doopregisters van Pretoria Gereformeerde Kerk 1863-1892* (FHC), K181.
[4] MOC 8404, *Doopregisters van Pretoria Gereformeerde Kerk 1863-1892* (FHC).
[5] Kobus Kuypers, *<kkuypers@ptainfo.co.za>*.
[6] Diwwie de Beer.
[7] Lukas Potgieter, *Doop en huwelik registers van die Ned Herv Kerk van Transvaal*.
[8] FHL 1687038 MOC 8796, *J21: Doop register van Waterberg / Nylstroom Gereformeerde Kerk* ((Film FHL 1687038 MOC 8796)).
[9] Sterf kennis (moeder).
[10] Familie bybel.
[11] JJ Potgieter Manuskrip.
[12] J25: Pietersburg NG Kerk doop register (Film 4586).
[13] RGN/GISA, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters*.
[14] J Kuypers, *<jkuypers@telkomsa.net>*.
[15] Pretorius, ME., *Pretorius oor 3 eeu 1600 - 1900* (ISBN 0 620 16896 x, 1992).
[16] Sterf kennis (man).
[17] Margaret Truter <margaret_truter@hotmail.com>, *Truter Family Register, by Margaret Ellen Truter*.

Nota 1 Graf nommer 432

Nota 2 Kobus Kuipers dui gebooredatum as 1910 aan.

Nota 3 J Kuipers dui geboorte aan as 1 Sep 1942, Germiston.